

deur **MARITA VAN DER VYVER**

Suinig word sjiek uit Provence



1 Lank, lank gelede, vertel ek gisteraand vir my dogter, was spaarsamigheid nie juis iets om op trots te wees nie. Toe ek nog klein was (onvoorstelbaar lank gelede vir my kind), het ek my oë omgedop vir oujongnootantes wat plastieksakkies uitspoel en aan die wasgoedlyn hang, of klam en

2 Ek het grootgeword in 'n oorvloedige era, vertel ek terwyl my kind verwonderd in haar bed lê en luister, toe spaarsamigheid dikwels met suinigheid verwar is. Ek en my maats het geamuseerd kop geskud oor ma's wat leë margarienbakkies en glasflessies bewaar, en oupas wat los skroewe en stukkie tou bêre. En dan was daar ons arme pa's wat aanmekeer gekla het oor ligte wat onnodig brand en elektrisiteit wat gemors word. Sulke belaglike klagtes het ons bloot geignoreer. Sonder enige gewetenswroeging.

3 Sien, ons het gelewe in 'n wêreld waar ons alles eerder weggegooi as weer gebruik het, van bottels tot babadoeke, van koerante tot karre. Ons het nooit, soos ons ouers of grootouers, die ontbering van 'n Groot Depressie of 'n Groot Oorlog ervaar nie. Ons het roekeloos gekoop, verbruik, weggegooi, sonder om te besef dat ons besig is om die aarde in 'n enorme vullisdrom te verander – en dat so 'n misbruikte planeet nie vir ewig kan aanhou om energie vir so 'n gierige mensdom te verskaf nie.

4 "Rêrig, Mamma?" vra my negejarige dogter ongelowig. "Was julle só dom?"

*'Rêrig,
Mamma?
Was julle
sô dom?'
Ja, my kind*

5 Ja, my kind. Die slegte nuus is ons wás so dom. Die goeie nuus is, miskien, dat dinge só verander het dat jy en jou maats nou sukkel om te glo hoe morsig ons was. Hier in Europa is ons terug waar ons dekades gelede was, vóór spaarsamigheid 'n verdagte woord geword het. En wêreldwyd is die wiel aan die draai.

6 Want wat ons deesdae "herwinning" noem, is eintlik mos maar net 'n byderwetse frase vir daardie vervelige ou "weer gebruik" van ons oujongnootantes. Ek moet bieë ek gril stéeds vir klam en koue teesakkies, verkies steeds om hulle weg te gooi eerder as weer te gebruik, maar ek gooi hulle minstens weg in die "regte" vullishouer agter die kombuisdeur. En die vyf houers, vir onderskeidelik papier, glas, plastiek, blik en "nat gemors", word elke paar dae pligsgetrou na die "regte" herwinningsdromme op die dorpsplein gedra. Ons doen dit dalk in groter maat, met 'n bietjie meer flair, maar dis nie só anders as ons ma's wat leë margarienbakkies gebêre het nie, of hoe?

7 Hierdie nuwe soort "suinigheid" het ontkiem in die groeiende ekologiese bewussyn van die afgelepe paar jaar, maar eers waarlik begin blom in die ekonomiese krisis van die laaste maande. *Shop till you drop* is net nie meer iets om oor te spog nie. Spaarsamigheid is

besig om 'n statussimbool te word.

8 My oorle' oupa met sy skroewe en sy stukkie tou sou dit sowaar nooit kon voorspel nie.

9 Op TV wys elegante Paryse vroue hoe hulle hul eie seep en sjampoe in hul eie kombuise maak, en in die voorstede kan jy aandklasse loop en leer om self skottelgoedvloeistof en vloerpolitoer te vervaardig. Oor die radio verduidelik groot

kokkedore van die kookkuns – wat tot onlangs nog resepte vir onbekostigbare truffel-belaaide geregte uitgedeel het – ewe beskeie hoe jy met goedkoop bestanddele steeds verbeeldingryke etes kan optower. En op die internet dryf oud en jonk verbete handel om enigiets van gehoorapparate tot skaatsplanke teen die laagste moontlike prys aan te skaf.

10 Suinigheid, kan jy maar sê, het sjiek geword.

11 Of in elk geval moreel regverdigbaar. In ons huis kla my man al jare lank, soos miljoene moedelose pa's voor hom, oor ligte wat in leë vertrekke brand en radio's wat vir niemand speel nie – sonder enige bespeurbare gewetenswroeging by ons kinders. Toe kry hy laas jaar die briljante idee om die krimpemde energiebronne van die aarde as getuies teen die beskuldigdes in te span. Dit het 'n enkele preek oor 'n donker en droewe toekoms gekos, toe begin die kinders skielik onthou om elektriese toerusting af te skakel.

12 Hulle doen dit steeds, meestal. Nie om 'n klaende knorpot van 'n pa tevrede te stel nie, maar om 'n kosbare planeet van ondergang te red. En die pa gee nie rêrig om dat hy minder belangrik geag word as die planeet nie.

Foto Carina Stander

VRAE GEBASEER OP SUINIG IS SJIEK

1	Waarom is daar in die verlede op spaarsamigheid neergesien?	1
2	Watter emosie het Marita se lyftaal teenoor haar oujongnooitantes oorgedra?	1
3	Wat is kenmerkend van die Groot Depressie en die Groot Oorlog? Gebruik jou eie woorde in EEN VOLSIN.	2
4.1	Van watter beeldspraak maak Marita in paragraaf 3 gebruik?	1
4.2	Verduidelik die beeldspraak.	2
4.3	Van watter tegniek maak die skrywer gebruik om die morsigheid van die mens te beklemtoon. Skryf die voorbeeld neer.	2
5	Waarom beskou haar dogter Marita se generasie in hulle jeug as dom?	2
6	Wat is die moderne term vir spaarsamig wees?	1
7	Watter twee faktore het aanleiding gegee tot die moderne mens se spaarsamigheid?	2
8	Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer met 'n aanhaling. Mense is slegs in Europa besig met herwinning.	3
9	Wat is Marita se siening van die sjefs wat oor die radio gepraat het? Verduidelik jou antwoord.	2
10	Verklaar in jou eie woorde: suinigheid het sjiek geword.	1
11	Watter bewyse is daar dat die moderne kinders nou omgewingsbewaringsbewus is?	1
12	Hoe het Marita haar negejarige dogter se belangstelling in haar vertelling geprikkel?	2
13	In watter land en op watter kontinent woon Marita?	2
14	Wat is die doel van die leesstuk?	2
15	Gee een woord uit die leestuk vir: besondere aanleg.	1
16	Kies die korrekte term: Suinig is sjiek is 'n [berig/artikel/rubriek.]	1
17	Gee 'n meer neutrale woord vir: suinig	1

MEMO

- 1 Waarom is daar in die verlede op spaarsamigheid neergesien? 1
DIT IS MET SUINIGHEID GEASSOSIEER.
- 2 Watter emosie het Marita se lyftaal teenoor haar oujongnooitantes oorgedra? 1
MISNOEË / IRRITASIE
- 3 Wat is kenmerkend van die Groot Depressie en die Groot Oorlog? 2
Gebruik jou eie woorde in EEN VOLSIN.
TEKORTE / SKAARSTE AAN + VOLSIN
- 4.1 Van watter beeldspraak maak Marita in paragraaf 3 gebruik? 1
METAFOOR
- 4.2 Verduidelik die beeldspraak. 2
AARDE VERGELYK MET 'N VULLISDROM
- 4.3 Van watter tegniek maak die skrywer gebruik om die morsigheid van die mens te beklemtoon. Skryf die voorbeeld neer. 2
ALLITERASIE " BOTTELS TOT BABADOEKE" OF KOERANTE TOT KARRE
- 5 Waarom beskou haar dogter Marita se generasie as dom in hulle jeug? 2
HULLE HET NIE HERWIN NIE
[HULLE HET ALLES WEGGEGOOI = 1]
[HULLE HET DIE AARDE BESOEDE = 1]
OF MOET DIT OOK 2 TEL? WAT DINK JY?
- 6 Wat is die moderne term vir spaarsamig wees? 1
HERWIN
- 7 Watter twee faktore het aanleiding gegee tot die moderne mens se spaarsamigheid? 2
EKOLOGIESE BEWUSSYN
EKONOMIESE KRISIS
- 8 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. 3
Motiveer met 'n aanhaling.
ONWAAR " DIE WIEL IS **WêRELDWYD** AAN DIE DRAAI"

- 9 Wat is Marita se seining(*houding?*) van die sjefs wat oor die radio gepraat het? Verduidelik jou antwoord. 2
- SY SPOT MET HULLE / SY DINK HULLE HOU HULLE GROOT MENEER / VERNAAM
DIE WOORDKEUSE - KOKKEDOOR - DUI DAAROP
- 10 Verklaar in jou eie woorde: suinigheid het sjiek geword. 1
- DIT IS DIE KORREKTE DING OM TE DOEN/ DIE IN DING
- 11 Watter bewyse is daar dat die moderne kinders nou omgewingsbewaringsbewus is? 1
- HULLE SKAKEL ELEKTRIESE APPERAAT/ LIGTE AF
- 12 Hoe het Marita haar negejarige dogter se belangstelling in haar vertelling geprikkel? 2
- SY BIED DIT AS 'N **SPROKIE** AAN +
"LANK, LANK GELEDE"
- 13 In watter land en op watter kontinent woon Marita? 2
- FRANKRYK ; EUROPA
- 14 Wat is die doel van die leesstuk? 2
- MENSE / HAAR DOGTER TE OORREED OM TE HERWIN/ SPAARSAMIG
TE WEES
- 15 Gee een woord uit die leestuk vir: besondere aanleg. 1
- FLAIR
- 16 Kies die korrekte term: Suinig is sjiek is 'n [berig/artikel/**RUBRIEK.**] 1
- 17 Gee 'n meer neutrale woord vir: suinig 1
- SPAARSAMIG